ORANIA DORPNUUS

AMPTELIKE NUUSBRIEF VAN DIE ORANIA DORPSRAAD

SEPTEMBER 2010

AAN DIE STUUR

In Orania se reeds indrukwekkende annale gaan die jaar 2010 uitstaan as een van die besondere hoogtepunte. Dit is die jaar waarin Orania na 'n hoër rat van ontwikkeling oorskakel.

Volgende jaar vier ons gemeenskap sy 20e bestaansjaar. In dié 20 jaar is 'n gesonde munisipale bestuurstelsel gevestig wat nog nooit in die rooi was nie en met uiters beperkte bronne die inwoners van al die nodige geriewe voorsien het.

Orania se dinkskrums het egter nou aangedui dat die gevaar bestaan dat ons kan stagneer. Ons inwonertal groei nie na wense nie, wat meebring dat ons slegs op ons huidige inwoners konsentreer en die breër prentjie van ons eie staatkundige ontwikkeling vergeet. Met die mini-ontploffing van verhandelinge in eiendom en kommersiële en maatskaplike uitbreidings en die groei van ons inwonertal, is ons byna onkant betrap.

In die indringende gesprekke is besluit dat ons gemeenskap weer na ons grondwetlike bedeling moet kyk. Gedurende die afgelope 20 jaar het baie water in die see geloop. Die dorpsgebied self het uitgebrei en ontwikkel en daarnaas ons boerderysektor. In die proses het Kambro Edms Bpk ook tot stand gekom om Orania se grondgebied aktief uit te brei. Die drie sektore het op 'n wyse selfstandig gegroei en ontwikkel en nie noodwendig na mekaar toe nie. Met die nuwe grondwetlike bedeling word gepoog om al Orania se belange onder een sambreel te kry.

Die tyd van die petrol dieper intrap, het aangebreek.

Afgesien van 'n nuwe grondwetlike bedeling het ons dinkskrums ook aangedui dat die Dorpsraad se kapasiteit drasties verhoog moet word om die nuwe era in te lui. En dit bring ons dan by 2010.



Mnr Carel Boshoff, voorsitter van die Direksie van VAB (derde van links), staan by VAB se eerste drie hoofde van departemente. Van links staan Kobus van der Merwe (Hoof Gemeenskapsdienste en Ingenieursdienste), Frans de Klerk (Uitvoerende Hoof en Hoof Beplanning en Ontwikkeling), mnr Boshoff en Ebert Terblanche (Hoof Korporatiewe Dienste).

Op 1 September het mnr Frans de Klerk diens aanvaar as Orania se eerste Uitvoerende Hoof van die Dorpsraad. Hy aanvaar ook verantwoordelikheid vir die pos van Beplanning en Ontwikkeling. Ook op 1 September het Orania se bestuurder, mnr Kobus van der Merwe, sy pos aanvaar as Hoof van die Departemente Gemeenskapsdienste en Ingenieursdienste. Op 1 Augustus het mnr Ebert Terblanche pos aanvaar as Hoof van die Departement Korporatiewe Dienste. Dit is voorwaar 'n formidabele span wat Orania na volgende hoogtes moet voer.

"Ek wens hierdie nuwe bestuurspan en die personeel sterkte toe met die groot taak wat voorlê," het die voorsitter van die Direksie, mnr Carel (iv) Boshoff gesê. "Die Direksie gaan swaar leun op die span om besluite wat geneem word, suksesvol uit te voer."

WELDOENER BESOEK ORANIA

Pas nadat Oraniërs verneem het dat 'n aansienlike som geld geskenk is vir die verligting van woningnood aan die armes, het die weldoener self hier opgedaag, Marcel Dierckx uit Bergen op Zoom in Nederland.

Marcel, 'n boorling van Laakdal in Vlaandere, het in 2008 op 'n televisieprogram kennis gemaak met Orania.

"Ek was beïndruk met Orania se sterk standpunt oor die handhawing van sy taal, kultuur en christelike leefwyse, dat ek daar en dan besluit het om meer van Orania te wete te kom," sê Marcel.

Hy het 'n boek gekoop, *Het echte Zuid Africa*, maar niks is oor Orania gesê nie. Toe maar die volgende stap: kry vir prof Carel Boshoff in die hande. Na 'n lang soektog is die regte adres in die hande gekry en het Prof sy brief ontvang.

'n Korrespondensie het ontstaan, wat uiteindelik uitgeloop het op Marcel se besluit om Orania geldelik te ondersteun. Prof Carel is nou gemoeid met die OMR se deurganghuisprogram en dit is waar Marcel besluit het om sy ondersteuning te gee.

Die volgende was om self te kom kyk hoe lyk hierdie plekkie waar Afrikaners besluit het om hulle eie heil uit te werk. Marcel. wat nog nooit in 'n vliegtuig was nie, het toe die twaalfuurlange vlug aangepak. Donderdag laat het hy moeg maar tevrede op Orania aangekom.

Marcel is met tipiese Orania gasvryheid ontvang en 'n hele toerprogram is vir hom gereël. Sondag was hy in 'n erediens by die APK-gemeente, waar hy heel beïndruk was met ds Adam Boshoff se "welsprekendheid". Die Maandag het hy Orania verder verken, om Dinsdag weer vroeg op pad terug te wees Nederland toe.

Marcel is ook al 74 jaar oud en was vir dertig jaar 'n onderwyser. Sy vrou bestuur 'n fietswinkel in Bergen op Zoom.



Marcel Dierckx van Nederland staan hier by ds Adam Boshoff, leraar van die Afrikaanse Protestantse Kerk. Marcel het op Nederlandse televisie met Orania kennis gemaak en daar en dan besluit om ons gemeenskap geldelik te ondersteun.

"Orania beïndruk my. Ek dink ek gaan nog 'n verdere bydrae maak om julle in julle groot strewe na onafhanklikheid te ondersteun," het Marcel voor sy vertrek gesê.

Orania sê dankie aan weldoeners soos Marcel Dierckx wat verstaan waarmee ons hier besig is en daarmee wil help.

Redaksioneel

DORPNUUS HERLEEF VIR BETER KOMMUNIKASIE

Orania staan op die punt om 'n nuwe era te beklee. Na 19 jaar neem ontwikkeling en groei nou hand oor hand toe en moet die Dorpsraad sy kapasiteit vergroot. Dit is nodig om in die proses ons mense met ons saam te neem deur kommunikasie op te skerp.

Tans benut die Raad die ½-uurgleuf wat Radio Orania op Donderdae tot ons beskikking stel en ook ons omsendbriewe en kennisgewings.

Na 'n klompie maande van onaktiwiteit laat die Raad ook *Dorpnuus* herleef – nou in 'n deftiger baadjie en die naam *Orania Dorpnuus*. Ons nuusblad gaan konsentreer op gebeure uit die kantoor, verslaggewing van Direksievergaderings, inligting oor reëls en regulasies en sommer sosiale nuus wat almal raak. *Orania Dorpnuus* gaan ook op ons webwerf geplaas word.

Ons bedank graag ons vorige redakteur, Andreas du Plessis, wat vir ons eerste *Dorpnuus*-uitgawes verantwoordelik was. Ons dra graag ons nuwe uitgawes aan hom op.

Die redaksie gaan beslis kersopsteek by ons inwoners vir goeie nuusbrokkies. As nuuswaardige gebeure plaasvind, hoor ons graag daarvan.

Geniet Orania!

Redakteur

ORANIA DORPNUUS

Eindredakteur	Frans de Klerk
Redakteur	Francois de Vos
Tegniese hulp	Marianne Gerber
Adres	Posbus 115 ORANIA, 8752
Telefoon/Faks	053 207 0063/64
Vonkpos	dorpskantoor@oranet.co.za

GOEIE NUUS! SWEMTYD IS HIER!

Ons swembad open amptelik op Saterdag 25 September.

Die volgende inligting geld vir 2010:

Swembadtye

Maandag tot Saterdag:	10:00 – 19:00
Sondag:	14:00 – 19:00
Donderdag 16 Des.	14:00 – 19:00

Pryse:

Kinders	Φ 5 (per dag)
Volwassenes	Φ 10 (per dag)
Kinders	Φ 30 (maandkaartjie)
Volwassenes	Φ 60 (maandkaartjie)
Gesin	Φ 120 (maandkaartjie)
Nie-swemmers	Φ 3 (per dag)

EK HET 'N LEKKER SPAN, Sê FRANS

"Met al die uitdagings wat voorlê, kan ek nie vir 'n beter span vra om die Afrikanerwa met sukses deur die drif te trek nie," sê Frans de Klerk Vluytjeskraal Aandeleblok Beperk se pas aangestelde Uitvoerende Hoof.

"Soos met hierdie eerste uitgawe van *Orania Dorpnuus* in die nuwe bedeling, wil die nuwe bestuur ook met innoverende denke Orania na die volgende vlak van ontwikkeling voer. Die bestuur is vergroot en ons skuif na groter en beter geriewe om die gemeenskap doeltreffend van diens te wees."

Frans sê die direksie van VAB is heelhartig agter die versnelde tempo van ontwikkeling en sien kans om dubbel so hard te werk om alle ontwikkeling te laat slaag.

"'n Uiterste teken van versnelde groei in Orania word weerspieël in 'n dramatiese toename in bouplanne, die aankoop van eiendom en Afrikaners wat Orania hulle tuiste wil maak," sê Frans. "Sowat 60 bouplanne is reeds vanjaar ingedien, met dieselfde aantal kooptransaksies teen 'n waarde van net onder die 10 miljoen Ora. Sowat 224 potensiële Oraniërs het kom aanmeld vir keuring."

Frans en sy gesin, wat Orania van die begin af sien groei het, wil tans op geen ander plek op aarde wees nie.

"Orania toon net weer wat die Afrikaner kan vermag as hy onder druk kom en die geleentheid gegun word om selfstandig te wees," sê ons nuwe Uitvoerende Hoof.

ONS OUDSTE EN DIE JONGSTE . . .

Op Sondag 29 Augustus het Orania sy jongste inwonertjie bygekry, klein Magda Roodt wat toe hier in die Karoo die eerste lewenslig aanskou het. Vir haar wag 'n leeftyd om by te dra tot Orania se groei. Haar ouers, Jean en Elizabeth Roodt, is sommer baie trots op hierdie aankomelinkie met haar donker krulhaartjies.

Magda is die 5de baba wat vanjaar gebore is.

Tannie Jakkie Taljaard is Orania se oudste inwoner. Op 13 November word sy 94. Tannie Jakkie en oom Louis het in 1993 saam met Lukas en Frieda Taljaard na Orania verhuis. Sy beweeg nog selfstandig en gee dikwels die plante en struike rondom haar oulike woonstelletjie water.

"Ek is dankbaar vir die wonderlike lewe wat die Vader my gegee het, maar ek sal nie omgee as Hy my kom haal om weer by Louis te wees nie," sê tannie Jakkie.

Regs is Mev Jakkie Taljaard (93) en bo is die trotse ouers van klein Magda, Elizabeth en Jean Roodt.

WETENSKAPFEES

Oraniërs maak tans gereed om hulle tiende Wetenskap- en Kunstefees aan te bied. Belangstellendes moet kennis neem dat die fees van 27 September tot 2 Oktober duur.

Die voorsitter van die reëlingskomitee, Francois Joubert, sê vanjaar se fees gaan die beste ooit wees. Afrikaans as vaktaal en die gevare wat dit bedreig, is vanjaar se sentrale tema. Oudergewoonte kan belangstellendes weer inskryf vir "vakke" soos argitektuur, ingenieurswese, die kunste en voedselwetenskap. In die kategorie Ekspo kan deelnemers weer kom toon hoe die wetenskap in die praktyk werk. Dan is daar natuurlik ook nog die wetenskapspele die Saterdagmiddag.

Programme is reeds in die posbusse geplaas. Indien iemand vasbrand, kan by die kantoor van die Orania Beweging aangeklop word.